# Hoofstuk 14
## 50 + 15 = Groot moeilikheid!

### Aktiwiteit 14.1: Aandagtige lees
*KABV bl. 29 – 32*

14.1.1 Soeklees hoeveel keer die woorde "ouers" en "tieners" in die teks voorkom. Wat kan jy daaruit aflei? (1)[DV1]
*Ouers: 8 keer; tieners: 6 keer. Die inhoud gaan handel oor ouers en tieners.*
14.1.2 Skryf die tema van die leesstuk neer. (1)[DV3/4]
*Die generasiegaping tussen ouers en tieners kan oorbrug word.*
14.1.3 Vluglees die teks weer en kyk of jy die probleem en die oplossing, soos wat dit in die teks genoem word, kan identifiseer. (2)[DV2]
*Probleem: Tieners kla oor hul ouers.*
*Oplossing: Ouers en tieners moet mekaar praat en mekaar respekteer.*
14.1.4 Verduidelik wat die uitdrukking "skud dan die kop" beteken. (1)[DV2]
*Is bekommerd daaroor weet nie wat om daaraan te doen nie.*
14.1.5 Is die woorde "om 'n brug bo-oor die gaping te bou" letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik jou antwoord. (2)[DV1/2]
*Figuurlik. Dit beteken om die gaping te oorkom.*
14.1.6 Is hierdie teks deur 'n tiener of 'n ouer geskryf? Motiveer jou antwoord. (2)[DV2/3]
*Tiener. Die taalgebruik is tipies die van 'n tiener. (Engelse woorde soos "embarrass", "uncool" is tipies van die taalgebruik van tieners.)*
14.1.7 Stem jy saam met die standpunt van die skrywer? Motiveer jou antwoord. (1)[DV4/5]
*Ja, om met mekaar te praat en mekaar te respekteer sal help.*
*OF*
*Nee, ons het dit al probeer, dit werk nie.*

### Aktiwiteit 14.2: Kenmerke van 'n gedig

Hersien beeldspraak, stylmiddele en halfrym met die leerders. Verwys leerders ook na die Opskerpgids bl.215.

Bespreek die gedig "Toemaar die donker man" met die klas. Indien jy die toegang het tot 'n CD-speler, kan jy Laurika Rauch se opname van die gedig vir die leerders speel. Gee die opdrag dat die leerders na die lied moet kan sê waaroor die gedig handel.
Jy kan ook die lied aanlyn vir die klas speel, verkrygbaar by die skakel
https://www.youtube.com/watch?v=vRkBQXksyDg
Lees dan die gedig aan die klas voor en verduidelik die moeiliker woorde.
Hou 'n klasbespreking om die gedig te ontleed.

Moontlike antwoorde:
14.2.1 Hierdie hele gedig is 'n metafoor. Verduidelik. (2)[DV2/3]
*Die slaap word gelykgestel aan die ou man/donker man*
14.2.2 Waarna verwys die "oop maan ... in sy hare"? (1)[DV1/2]
*Die ou man is bles.*
14.2.3 Watter emosie word aangedui deur die woorde "Nagtegaal in sy hart"? (1)[DV1/2]
*Vreugde*
14.2.4 Haal 'n gedeelte uit die gedig aan wat aansluit by "*ou* man". (1)[DV1/2]
*"'n rug gebuk aan sy jare"*
14.2.5 Skryf 'n vergelyking uit die gedig neer. (1)[DV2]

*"sing soos die biesies"*
14.2.6 Haal 'n voorbeeld van assonansie uit die gedig aan. (1)[DV2]
*"oop maan dra in sy hare Nagtegaal in sy hart"*
14.2.7 Skryf 'n voorbeeld van klanknabootsing uit die gedig neer. (1)[DV2]
*"tok-tok"*
14.2.8 Wat is die funksie van die ellips in reël 26? (1)[DV3/4]
*Dui aan dat sy besig is om aan die slaap te raak.*
14.2.9 Deur watter tegniek word die titel in die gedig beklemtoon? (1)[DV3]
*Herhaling*

[10 punte]

**Vir verryking:** Bespreek: Hoe sou jy die verhouding tussen die ma en kind beskryf? Gee moontlike redes vir jou antwoord.

**Aktiwiteit 14.3: Skryf 'n notule**
*KABV, bl. 45*
Die leerders moet 'n notule skryf vir die agenda soos in die Leerdersboek op bl.153 uiteengesit. 'n Moontlike voorbeeld van hoe die notule geskryf kan word, kan as volg wees:

Notule van die vergadering oor die tiener-ouer-projek van Hoërskool Bedford gehou op 23 Augustus 2017 in die skoolsaal.

- Verwelkoming en bywoningsregister
  Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig.
  Die bywoningsregister word geteken deur almal teenwoordig.
  Daar is verskoning ontvang van die skoolhoof, mnr. Marais, wat 'n ander vergadering moes bywoon.

  1. Nuwe sake: Doel van die projek
  Die doel van die projek is om kommunikasie tussen ouers en hul tieners te verbeter.

  2. Moontlike spreker
  Mev. Steyn bied aan om die bekende Thinus le Roux – 'n sanger wat baie gewild is onder tieners – te kontak as moontlike spreker.
  Mnr. Badenhorst stel die predikant van die Mooisig-gemeente as moontlike spreker voor.
  Die beskikbaarheid van hierdie persone om as sprekers op te tree, sal die besluit finaliseer.

  3. Begroting
  Mnr. Groenewald van die finansiële komitee dui aan dat die skool R2 000 toestaan aan die projek.
  Daar word ook ingestem dat ouers en leerders wat na die spreker wil luister en die werkswinkel wil bywoon, toegangsgeld moet betaal.
  Daar word op die volgende bedrae ooreengekom:
  Volwassenes: R50 per persoon
  Leerders: R30 per persoon

  4. Werkswinkels
  Werkswinkels sal een keer per maand op elke derde Saterdag aangebied word en sal vanaf 08:00 tot 13:00 duur.

5. Bemarking
’n Komitee word verkies om die bemarking te behartig. Die volgende persone sal op die komitee dien:
Mnr. L. Hewis
Mev. S. Shambane
Mev. G. Kruger
Mnr. H. Naidoo

- Algemeen
  Die adjunkhoof, mev. Swartz, bedank almal teenwoordig vir die inisiatief om die projek te loods. Sy verseker almal van die skoolbestuur se ondersteuning vir die projek en wens almal sterkte en sukses toe.

- Afsluiting
  Die volgende vergadering sal op 15 September gehou word.
  Die vergadering verdaag.

Inklusiwiteit: Daar is dikwels leerders wat nie meer ouers het nie, of wat glad nie by hul ouers woon nie en deur 'n ouma, tannie of ander voog grootgemaak word. As onderwyser ken jy jou leerders se omstandighede. Indien die kwessie van ouers en tieners te sensitief sal wees om te hanteer in hierdie aktiwiteit, kan die volgende agenda vir die vergadering eerder gebruik word:

<u>Agenda vir die vergadering van die fondsinsamelingsprojek van Hoërskool Bedford</u>

| | |
|---|---|
| Datum: | 23 Augustus |
| Tyd: | 19:00 |
| Plek: | Hoërskool Bedford-skoolsaal |

- Verwelkoming en bywoningsregister
  1. Nuwe sake: Doel van die projek
  2. Uitstallers en borge
  3. Kosstalletjies
  4. Optredes van sangers
- Algemeen
- Afsluiting

**Aktiwiteit 14.4: Hou ’n vergadering**
*KABV, bl. 27*

Die leerders kan nou hul kennis oor vergaderingsprosedures in praktyk oefen. Terselfdertyd kan hul kommunikasievaardighede ingeoefen word en geëvalueer word. Deel die klas in groepe en maak seker al die leerders kry spreekbeurte. Wys 'n voorsitter en sekretaris aan.

Die leerders berei in 'n groep voor om die vergadering voor in die klas te hou. Terwyl 'n groep die vergadering hou, kan die ander groepe notule hou en dan weer omgekeerd. Twee groepe kan selfs opgepaar word: een hou die vergadering en die ander skryf hul notule en andersom. Sodoende hoef daar nie 5 of 6 notules geskryf te word nie en die leerders oefen hul mondelinge en skryfvaardighede.

Die ander groepe kan selfs die notules skryf soos wat 'n ander groep die vergadering hou.

**Aktiwiteit 14.5: Kits-in-‘n-blits**

14.5.1 Dui aan watter een van die volgende woorde ŉ afleiding, samestelling of samestellende afleiding is:

a) verhuis – *afleiding*
b) groentesop – *samestelling*
c) kinderspeletjies – *samestellende afleiding*
d) huiswerk – *samestelling*
e) vergroot – *afleiding*
f) blombak – *samestelling*
g) katkos – *samestelling*
h) tienermodes – *samestelling*
i) kuierplek – *samestelling*
j) ouerlik – *afleiding*
k) boekrak – *samestelling*
l) visdamme – *samestelling*
m) blaarloos – *afleiding*
n) hardkoppig – *samestellende afleiding*
o) televisiester – *samestelling*

14.5.2 Dui aan of die volgende sinne enkelvoudig of saamgesteld is:

a) Die kinders gil en lag en speel dat hoor en sien vergaan. – *Saamgesteld*
b) Gaan was die skottelgoed! – *Enkelvoudig*
c) Die vrouens hou seker van die nuwe mode as hulle dit so graag koop. – *Saamgesteld*
d) Gooi asseblief die vrugte wat jy gepluk het in die sak. – *Saamgesteld*
e) Hy lees graag speurverhale. – *Enkelvoudig*
f) Al die mooiste meisies is gekies as finaliste. – *Enkelvoudig*
g) Hulle vryf die motors wat hulle was sommer self blink. – Saamgesteld

14.5.3 Skryf die afkortings vir die volgende woorde neer:

a) as gevolg van – *a.g.v.*
b) Oktober – *Okt.*
c) woordeboek – *wdb.*
d) Sondag – *So.*
e) per persoon wat deel – *ppwd*
f) ten spyte van – *t.s.v.*
g) Maart – *Mrt.*
h) wêreldwye web – *www.*
i) Curriculum Vitae – *CV*
j) professor – *prof.*
k) byvoeglike naamwoord – *b.nw.*
l) asseblief – *asb.*
m) Poskantoor – *Pk.*
n) Dinsdag – *Di.*
o) Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal – *HAT*

**Aktiwiteit 14.6: Woordeskat in konteks**

14.6.1 Al die kinders is nog in die huis. (1)
14.6.2 Moenie die goeie dinge saam met die slegte dinge verwerp nie. (1)
14.6.3 Die kinders moet nie deel van die grootmense se geselskap wees nie./Die kinders word nie ’n opinie gegun nie. (1)

14.6.4 Arm mense het baie kinders. (1)
14.6.5 Dit is nie maklik nie. (1)
14.6.6 Nie vir alles verantwoordelikheid aanvaar nie. (1)